Tema: Jou koninklike maar nederige dienswerk in die kerk, natuur en staat.

Vooraf sang
Lied 191:1,3
Lied 175: 1
Lied 197:1,2.

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps 19 – 3: 3
Votum
Seëngroet
Loflied Ps 93 – 1: 1,2,3 (Mel Lied 582)
Gebed.

Woorddiens
Skriflesing **Matteus 17: 24 – 27**
Woordverkondiging

Bevestiging van ampsdraers:
Sing: Psalm 20 – 1: 2

Antwoorddiens
Liefdegawes
Gebed vir BNB
Sing Ps 104 – 1: 1,19,20 en 21
Seën
Amen Sb 13 – 3.

Geliefde brs. en srs en kinders

Daar is mense wat vanaand buite in die koue gaan slaap en wat vandag nog nie een keer geeet het nie. Daar is kinders wie se ouers hulle weggegooi het of wat van die huis af weggevlug het omdat ouers hulle verwaarloos en verniel. Daar is mense wat emosioneel gekwes is deur verkragting, mishandeling en onsedelike aanranding. Daar is mense wat weke in hospitale deurbring met niemand wat ooit ŉ woord van troos bring nie.

Daar is mense wat terminaal siek en hulle gereed moet maak om te sterf en wat nie weet of hulle môre-oggend die son gaan sien opkom nie. Daar is soveel mense wat deur finansiële bekommernis geknel word en nie weet of hulle nog môre hulle besigheid gaan hê of kos vir hulle kinders op die tafel kan sit nie.

Ons leef ook in ŉ wêreld waar die skepping gebuk gaan onder die vernielling en vermorsing van die mensdom wat alles uit die natuur wil put sonder om dit te bewerk en te bewaar. Totale woude so groot soos Johannesburg word daagliks oor die wêreld uitgewis om te voorsien aan die papiervraat van ŉ mensdom wat die tegnologie geskep het. Daar is die storting van radio-aktiewe materiaal in die see wat die seelewe besoedel en verwoes. Die mensdom verwoes die skepping wat God hom bevel gegee het om te bewaar en te benut.

En dan is daar ook nog die gemeenskapkrisse wat ons land en baie ander lande van die wêreld bedreig. Die ongelooflike werkloosheid wat ons land in ekonomiese chaos dompel en gemeenskappe wat in totale armoede leef. Die geweldige opvoedings- en onderwysagterstande van baie mense in ons land. Die geweldige probleem van korrupsie in alle vlakke van die samelewing. Die gebrek aan beginselvaste leierskap op politieke terrein ens.

En nou is die vraag: Wat doen u en ek aan al hierdie dinge? Hoe staan ons as kerk teenoor die nood van die wêreld waarin die Here ons geplaas het? Leef ons net vir onsself of hoe is ons betrokke by hierdie dinge. Een van die grootste figure in ons kerklike geskiedenis – Totius – se bekende woorde: “Die wêreld is ons woning nie” word deur baie opgeneem en verstaan asof ons as gelowiges gelukkig is om gered te word en dat ons nie eintlik hier op aarde tuishoort nie – ons is net op reis en moet net fokus op ons eie geloof en sorg dat ons reg lewe. Verder het ons geen verantwoordelikheid nie.

Br. en sr., Dit is nie wat Totius daarmee bedoel het nie en dit is nog minder die boodskap van die Bybel. **Die Here het ons juis hier geroep om sy Koningskap aan hierdie wêreld te bedien.**

Gewoonlik wanneer bg. onderwerpe soos staatkinders, werkloosheid, natuurbewaring op kerklike terrein genoem word, word dit verpolitiseer en bring dit ŉ passiwiteit onder lidmate. Die huidige politieke omstandigheid waarbinne die staat al hoe minder sy eie verantwoordelikheid nakom en al hoe meer instansies – ook die kerk – betrek om hom te help – skep ook ŉ klimaat vir negatiwiteit ten opsigte van ons betrokkenheid by hierdie dinge. Lidmate staan negatief teenoor die regering en daarom ook negatief teenoor hierdie brandpunte wat ons almal se lewens raak.

Maar geliefdes, wil die Here vanaand vir ons sê: **ons kan en ons mag ons nie losmaak van die wêreld waarin Hy ons geroep het nie. Nie van die kerk nie, nie van die staat nie en nie van die natuur wat God onder ons heerskappy geplaas het nie. Nee, as Koningskinders word ons juis geroep tot nederige diens in hierdie wêreld wat Christus so dringend nodig het.**

Dit word vir ons op baie besonderse wyse geopenbaar in ons teksverse.

Die Here se hantering van die tempelbelasting wys op ons in die <u>eerste plek</u> op ons nederige diensbaarheid in die kerk. Sy wonderwerk waarin Petrus 'n besondere silwergeldstuk in die bek van 'n vis vind – openbaar in die <u>tweede plek</u> ons **nederige diensbaarheid by die owerheid wat die Here oor ons gestel het**. En in die <u>derde plek</u> wys die wonderwerk met die vangs van hierdie vis in die see op ons nederige diens aan die bewaring en instandhouding van die natuur.

Kerk, staat en natuur dit is waar ons deur hierdie teks geroep word om ons roeping as kinders van die Koning van die ganse skepping uit te leef**. Want in hierdie gebeure openbaar** Christus se koningskap **oor al drie hierdie terreine – dis ook hier waar sy heerskappy sigbaar moet word.**

Wanneer Petrus hom huis toe haas nadat die tempelbelastinggaarders met hom gepraat het oor Christus en die dissipels se tempelbelasting dan wys die Here – soos baie ander kere – sy Godheid in die feit dat Hy reeds weet waarmee Petrus met hom kom praat voordat hy nog 'n woord gesê het.

Sy Koningskap word verder bevestig – na analogie van aardse konings wat belasting hef van ander nasies en nie van sy eie mense nie – dat Hy – as die Seun van God – nie gebonde is aan die verpligte tempelbelasting wat God ingestel het nie. So ook nie Petrus en die dissipels wat na regte nou eintlik die tempel van God nie – **<u>maar omdat hulle geroepe is om steeds die kerklike instelling van God te dien – betaal Hy die belasting wat sy Vader ingestel het.</u>**
En hierin lê die paradoksale openbaring: die koning bly diensbaar. En op hierdie manier wil Christus hê dat ons sy koninkryk sal bou. Alhoewel ons konings en erfgename van sy ryk is bly ons steeds nederig diensbaar.

Jesus en sy dissipels bly steeds diensbaar aan dit waarvoor die tempel ingestel was nl. om mense na God toe te lei. So bly hulle ook in die kerk geroepe om mense met liefde te bedien sodat hulle die liefde van God kan leer ken. Al moet dit dan slegs wees om nie hierdie mense tot struikeling en misverstand te bring nie.

So bly ons ook geroepe, br. en sr., tot die kerklike roeping wat God op elkeen van ons gelê het. E**lkeen van ons het 'n roeping om ons kerklike lewe in stand te hou**. Om die erediens in stand te hou. Ons moet ook ons "tempelbelasting" betaal ons dankoffers bring. Daarsonder kan die kerk nie bestaan nie. Ons moet ook ons gawes – ons geestelike gawes en ons talente gee sodat die kerk daarmee bedien kan word.

Daar is soveel nood net in een gemeente – genoeg ruimte vir elkeen om lief te hê, te help, te dien en **<u>so Christus se Koningskap ook oor hierdie gemeente te bevestig.</u>**

Juis hier word ons deur die Woord toegerus om in die wêreld diensbaar te wees. Hier leer ons van die liefde van God in Christus. Hier leer ons van vergifnis en vrede sodat ons juis dit aan die wêreld kan bring wat so vol seer en pyn en lyding is. **Hier gee die Koning ons die silwermuntstukke wat ons nodig het om die wêreld mee te bedien.**

Die silwermuntstuk bring ons dan tweedens by ons nederige diens aan die staat. Die muntstuk waarvan hier gepraat word, is ʼn Romeinse muntstuk wat voorgeskryf was om die tempelbelasting mee te betaal. Die Jode het ʼn weersin in hierdie munte gehad want dit het hulle herinner aan die feit dat hulle aan die Romeine onderwerp was as aardse regering. Verder was op hierdie muntstuk gedruk die kop van die Romeinse keiser en aan die anderkant die afgode van die Romeine.

Maar wat doen die Here Jesus met die muntstuk van die magtige Romeinse ryk?? Hy het die mag om dit te voorskyn te bring uit die bek van ʼn vis – dit is eintlik lagwekkend. Daar sit ʼn stuk ironie in. **Daarmee bevestig Christus sy heerskappy oor die magte en owerhede van die wêreld**. Ook die staat en politiek is ʼn terrein waar die heerskappy van Christus sigbaar gemaak moet word. En daarom br. en sr., mag ons nie huiwer om by die staat en sy nood betrokke te raak nie.

Ons word deesdae voorgesê deur wêreldse magte wat juis die kerk aan bande wil lê – dat ons as kerk nie eintlik meer ʼn plek in die samelewing het nie. Kerke moet hulle uithou uit die politiek en uit die ekonomie. Dis nie waar nie. U en ek is die kerk en ons as lidmate is geroep om oral waar die Here ons gebruik juis ʼn verskil te gaan maak. As indiwiduele lidmate het ons soveel meer trefkrag tussen die mense waar ons werk en leef.

Brs en srs., moenie vir die kerk wag om strukture te skep om betrokke te raak nie. Dit is nie die primêre taak van die kerk nie. Daar is ruim geleentheid om betrokke te raak by die nood van ons wêreld. Vigs en werkloosheid is op die agenda van gelowiges. Ons moet betrokke wees by die bevegting daarvan. Staatkinders, haweloses en armes is ons verantwoordelikheid en ons moet betrokke wees daarby.

Br. en sr. daar is baie geleenthede, so baie diensorganisasies waar ons die koninkryk van die Here met diensbaarheid kan laat deurbreek. Dink aan instansies soos Hospice, Kanker-vereniging, voedselprojekte, Werkskeppingsprojekte waar ons ʼn reuse verskil kan maak. Dink aan die polisie, aan Kinderbeskermingseenhede, aan Kinderhuise, aan Ouetehuise - soveel plekke waar ons kan help om die nood van die wêreld te verlig.

In die laaste plek is ons ook geroep om die natuur te bewerk en te bewaar. Ook die natuur staan onder Christus se Koningskap en ons moet dit verkondig. **Daarop wys die wonderwerk van die vis in die seë waaroor Christus heers**. Ons moet betrokke raak by natuurbewaringsprojekte. Christus se koninkryk word ook sigbaar in die bestuur en bewaring van die skepping – dis immers sy skepping wat deur Hom tot stand gekom het.

Geliefdes, ons kan nie ware kerk wees as ons nie dit wat God ons in Christus gemaak het, in hierdie wêreld vertoon nie. **Christus is Koning en ons sy Koningskinders wat sy heerskappy op alle terreine moet uitleef. In die kerk , in die samelewing en oor die natuur.** Ons moet nie bang wees , want die Here het ons toegerus. Maar ons doen dit soos ons Koning – op die wyse waarop Hy Homself vir ons gegee het: nederig, diensbaar

Hy het ook vir ons ’n vis met ’n silwermuntstuk in die bek gegee waarmee ons ons skuld moet betaal. Ons geloof! Dit is die grootste skat wat ons kan gaan uitdeel. Ons het die Woord van God, ons ken sy genade, ons ken sy liefde en is daarmee volmaak deur die Heilige Gees toegerus om betrokke te wees in hierdie wêreld.

Geliefdes, kom ons doen dit – anders is ons nie die naam “kerk” werd nie en sal die wêreld ook geen erg aan ons hê nie, omdat ons hulle nie bied wat ons in Christus ontvang het om aan hulle te bied nie. En daarvan sal ons eendag rekenskap moet bied.

Amen.